PROSPEKTUS: GRAAD R

Die Gereedmakingsprogram wat by ons skool aangebied word, is 'n uiteenlopende verskeidenheid, wat die kind se ontwikkeling en hoe hy sy wêreld beleef, omsluit. Een van ons doelwitte is om die kind se selfbeeld te ontwikkel, en dit geskied deur geleenthede te skep, waar die jong leerder sukses kan beleef. Ons ondersteun ons kleuters daarin om 'n gevoel van selfwaarde te ontwikkel. Dit behels om ewe-eens deur beide hulle maats en opvoeders gerespekteer te word vir wie en wat hulle is. Ons belangrikste doelwit is om 'n vlak van skoolgereedheid te bereik, waar gemaklike toetrede tot die formele onderrigfase na Graad Een, gemaak kan word. Gereedheid kan egter nie aangeleer word nie. Dus word die jong kind soggens blootgestel aan 'n gestruktureerde program, waar hy situasies beleef, wat hom ondersteun om gereedheidsvaardighede in 'n "speel"-omgewing te ontwikkel.

Indien enige ontwikkelings-agterstande waargeneem word tydens ons deurlopende evalueringsprosesse, verwys ons so 'n leerder na 'n professionele ondersteuningspan, wat die leerder dan bystaan deur of Arbeids-, Fisio-, Spraakterapieprogramme of sielkundige ondersteuning.

Die feit dat ons onder die voogskap van die Laerskool is, het alreeds baie voordele vir ons meegebring. Ons is gevolglik in staat om ons eie program uit te brei met die uitstekende programme van die Laerskool.

Bo en behalwe hierdie stimulerende aktiwiteite, is daar 'n groot keuse van opsionele buitemuurse aktiwiteite, wat op die keuse- en kostevorm aangedui moet word. Dit sluit Playball, pottebakkery, karate, Jiu-jitsu, musiekbelewing, gholf, ballet, tennis en swem, in. U sal hierdie vorm op die eerste skooldag ontvang.

Ons opvoeders is geïnspireerde, entoesiastiese mense, wat hulleself verbind tot die daarstelling van 'n gestruktureerde en verrykende leer-omgewing.

Ons hoop dat ons leerders, sowel as hulle ouers, die Ontvangsfase jaar as 'n genotvolle en opwindende avontuur (wat dit in wese behoort te wees) sal ervaar.

1. **KLASBENODIGDHEDE**

Die koste vir klasbenodigdhede beloop R300 per leerder. Dit is vir afrolwerk, bak en brou, boekies vir klanke en boodskappe, materiaal vir kreatiewe kuns en 2 groot stafies pritt. Hierdie items word in ons stoorkamer gestoor en die R150 is per debietorder betaalbaar op 01 Maart en 01 Augustus.

2. **SKOOLURE**

Ons skoolure is: 08:00 – 12:30

Die skoolure vir die EERSTE TWEE WEKE sal korter wees om die kinders kans te gee om aan te pas. Die skool begin op Woensdag, 19 Januarie 2011.

1ste Week:	08:00 – 11:30	(19 Januarie – 21 Januarie)
2de Week:	08:00 – 12:15	(24 Januarie – 28 Januarie)
3de Week:	08:00 – 12:30	(31 Januarie – Desember)

Ons hekke open slegs om 07:45. Indien u kind vroeër afgelaai word, moet u kind na die vroegoggend sorg gaan.

3. **NASKOOLSENTRUM**

Daar is 'n beperkte aantal plekke by hierdie fasiliteit beskikbaar. Kontak Petra Gustafson ☎ 021 976 4048 direk vir navrae.

4. **STUUR ASSEBLIEF DIE VOLGENDE SAAM OP DIE EERSTE DAG VAN DIE NUWE KWARTAAL:**

- 'n sterk plastiese tas of een wat met karton versterk is.
- voorskoot – pappa se ou hemp werk goed. Werk asseblief 'n groot lus bo-aan die hemp sodat dit maklik opgehang kan word. Skryf u kind se naam groot op die voorkant.
- 2 koekies seep
- 1 doos snesies
- 'n gemerkte sonhoed wat by die skool kan bly.

MERK ASSEBLIEF ALLE PERSOONLIKE ITEMS DUIDELIK MET NAAM EN VAN!

5. **T-HEMDE**

T-hemde is beskikbaar by die skoolklerewinkel. Ons moedig u aan om 'n T-hemp aan te skaf aangesien dit ons uniform is en kleuters dit op uitstappies, sowel as op L.O.-dae dra.

6. **SNOEPIE**

Ondersteun asseblief ons snoepie. Dit word beheer deur ons O.O.V. Meer besonderhede volg in die nuwe jaar.